# Jouself Vergewe?
# Of Glo in God se Vergifnis?

Jy het ’n groot sonde begaan. Maar jy het opreg berou daaroor. Jy het jou sonde bely voor God en voor die (betrokke) mense. Jy het alles in jou vermoë gedoen om versoening te bewerkstellig en die skade wat aangerig is, te herstel. Jy mag glo dat jou sonde vergewe is. ’n Sug van verligting…

Maar kan jy nou ook *jouself* vergewe? Bly dit nie tog maar steeds soos ’n donker plek êrens in jou geheue vassteek nie? Ons sê tog: dra dit aan die Here op — en *los* dit dan ook daar! Moenie jouself daarmee kwel nie. Maar Paulus het nog lank sleg gevoel oor sy vervolging van die gemeente (1 Timoteus 1:15; Galasiërs 1:13; 1 Korintiërs 15:9). Hy het geglo: dit is my vergewe; ek mag lewe uit God se genade. Maar hy het dit nooit vergeet nie…

In Esegiël 36 beloof God aan sy volk redding uit die ballingskap: terugkeer na die beloofde land, reiniging van al hulle kwaad, ’n nuwe hart en ’n nuwe Gees, welvaart en voorspoed, die herstel van die tuin van Eden – en dan staan juis *daar* verder:

> *“Dan sal julle dink aan jul verkeerde weë en aan jul handelinge wat nie goed was nie; en julle sal vir julleself walglik wees oor jul ongeregtighede en oor jul gruwels … Skaam julle en bloos oor jul weë”*
>
> (Esegiël 36:31-32)

Hoe sal dit op die groot oordeelsdag wees? Dan word die boeke geopen, sien Openbaring 20. Hoe moet ’n mens jou dit voorstel? Word die film oor jou hele lewe dan nog ’n keer gewys voor die oë van die hele wêreld? Ek glo nie so nie. By God is vergewe ook vergeet:

> *“Ek sal aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.”*
>
> (Hebreërs 8:12)

In Miga 7:19 staan daar dat vergewing by God beteken dat Hy ons sondes in die dieptes van die see werp, waar niemand dit ooit weer kan bykom nie. God haal sondes wat vergewe is, nie weer op nie. Die boeke wat by die oordeel geopen sal word, bevat die dade van hulle wat nie in die boek van die lewe blyk opgeskryf te wees nie.

Wat is dit: die boek van die lewe? Is dit ’n soort telefoongids wat al die mense lys wat deur God uitverkies is en deur Christus gered is? Ek kan my goed vereenselwig met die uitleg wat ek êrens gelees het: die *volledige* titel van daardie boek staan in Openbaring 21:27: Dit is die boek van *die lewe van die Lam!* Die boek waarin Christus se lewe as mens vir ons beskryf is — daardie kosbare boek van alles wat *Hy* in sy lewe hier op aarde gedoen en in ons plek gely het, en wat God op die *naam* gesit het van elkeen wat in Hom glo! *My naam* staan in daardie boek, oral waar beskryf word wat die Here Jesus as Lam gedoen het! Ek mag glo: Hy het dit alles as plaasvervanger vir my gedoen.

En wat dan van al my sondes? Al die slegte dinge in my lewe wat *God* vergewe en vergeet het — kan *ek* dit ook vergeet? Bly dit nie maar altyd nog knaag aan my gewete nie? Ek kan dit nie *ongedaan* maak nie. Ek kan tot in ewigheid nie vergeet dat ek slegs gered is en mag lewe deurdat Christus sy lewe daarvoor geoffer het nie…

Miskien *moet* ek dit ook maar nie vergeet nie. Hoe sal ek God genoeg kan dank en loof tot in ewigheid as ek nie daarvan bewus bly dat dit slegs deur *genade* is dat ek mag lewe nie? In die hemel en op die nuwe aarde sal ons die Here Jesus elke dag weer sien en ontmoet as die *Lam* wat geslag is: met die littekens van sy slagting nog sigbaar. Soos Hy ook soms genoem word: as die Timmerman met sy misvormde hande en voete…

Dit sal nie meer enige *verdriet* of *pyn* by ons oproep oor alles wat Hy vanweë my sonde en my skuld moes ly nie. Want verdriet of pyn sal daar beslis nie meer wees nie. Dalk nog *skaamte?* Ek weet nie. Miskien tog, as ek kyk na Esegiël 36:32. Maar waaraan dit ons sekerlik sal herinner, elke nuwe dag weer, is die *verwondering*: die diepe blydskap en dankbaarheid vir die onbegryplike wonder van God se goedheid en liefde en genade! Hoe is dit moontlik dat *ek* daar mag wees in God se heerlikheid?! Ek, met my lewe so vol sonde en kwaad! Dit kan nooit vanselfsprekend word nie.

Kan jy *jouself* ook vergewe? Ek is nie seker of dit moontlik is nie. Ek weet ook nie of dit moet nie. Ek *glo* in die vergewing van sondes! Wanneer jy God en die betrokke mense om vergifnis gevra het en dus alles moontlik gedoen het om versoening en herstel te berwerkstellig — *bly* jou dan in elk geval maar steeds *verwonder* oor daardie wonder van die liefde van die Lam!

Dick Vreugdenhil

© 2015
www.christelikemedia.org